



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2023

GRAAD 10

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye, 'n formuleblad en 'n 9 bladsy antwoordboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Waar van toepassing, rond alle berekeninge af tot die naaste rand. Alle ander berekeninge moet tot EEN desimaal afgerond word.
5. Lees die instruksies van elke vraag deeglik en volg dit noukeurig.
7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
8. Alle antwoorde moet in swart of blou ink voltooi word.
9. 'n FORMULEBLAD is aangeheg aan die einde van hierdie vraestel.
10. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERPE	PUNTE	TYD
1	Konsepte en Krediteurerekonsiliasie	42	34 minute
2	Begroting	34	26 minute
3	Voorraad, Probleemoplossing en Etiek	46	38 minute
4	Kosteberekeninge	28	22 minute
Totaal		150	120 minute

VRAAG 1: KONSEPTE EN KREDITEUREREKONSILIASIE (42 punte; 34 minute)

1.1 KONSEPTE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR in die ANTWOORDBOEK.

- 1.1.1 Betalings aan krediteure word geboekstaaf aan die debietkant van hul rekeninge. (3)
- 1.1.2 'n Kwitansie word uitgereik deur 'n krediteur wanneer goedere op krediet aangekoop word.
- 1.1.3 Handelskrediteure word as 'n bedryfsbate geklassifiseer in die boeke van die besigheid.

1.2 KREDITEUREREKONSILIASIE

METH WINKELS

Die onderstaande inligting is 'n uittreksel uit die rekords van Meth Winkels vir Augustus 2023. Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 25% op kosprys.

GEVRA:

- 1.2.1 Stel die Krediteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek op vir Augustus 2023. (17)
- 1.2.2 Stel die korrekte Krediteurelys vir 31 Augustus 2023 op. (16)
- 1.2.3 Sammy Sithole werk vir Meth winkels. Hy is verantwoordelik vir die volgende: bestelling van goedere, ontvangs van goedere deur verskaffers afgelewer en vir die betaling van die verskaffers vir goedere afgelewer. Die eienaar van Meth Winkels is bekommerd dat verkoopsyfers nie groei nie maar goedere (handelsvoorraad) word gereeld vervang.

Verskaf DRIE interne kontrolemaatreëls wat deur Meth Winkels geïmplementeer behoort te word. (6)

NOTA: Toon al jou berekeninge in hakies.

INLIGTING:

- A.** Krediteurekontrole saldo op 1 Julie 2023, R33 500.

B. TOTALE VAN DIE HULPJOERNALE OP 31 AUGUSTUS 2023

Krediteurejoernaal	
Handelsvoorraad	24 000
Diverse rekeninge	2 100
Krediteurekontrole	26 100

Debiteurejoernaal	
Verkope	36 000
Koste van verkope	28 800

Krediteure-afslagjoernaal	
Handelsvoorraad	2 000
Diverse rekeninge	200
Krediteurekontrole	2 200

Debiteure-afslagjoernaal	
Debiteure afslag	1 000
Koste van verkope	800

Kontantbetalingsjoernaal	
Bank	66 895
Handelsvoorraad	23 000
Krediteurekontrole	25 550
Korting ontvang	550
Diverse rekeninge	18 345

Algemene joernaal			
Debiteurekontrole		Krediteurekontrole	
Dt	Kt	Dt	Kt
780	850	950	800

C. Krediteurelys op 31 Augustus 2023

Krediteure	Bedrag
AB Verskaffers	R14 350
BB Handelaars	7 400
Otto Meubileerders	9 300
Crox Skryfbehoeftes	2 300
	33 350

FOUTE EN ADDISIONELE INLIGTING:

- 'n Faktuur vir goedere aangekoop vanaf AB Verskaffers was foutiewelik na die rekening van BB Handelaars oorgeboek, R1 200.
- EFO betalings van R600 is gemaak aan Crox Skryfbehoeftes vir goedere voorheen op krediet gekoop. Die transaksie is aangeteken in die Kontantbetalingsjoernaal maar is nie na die rekening van Crox Skryfbehoeftes in die Krediteuregrootboek oorgeboek nie.
- Die Krediteurekontrolekolom in die Krediteurejoernaal is met R300 te min opgetel.
- Geen inskrywing is gemaak vir goedere teruggestuur aan BB Handelaars, R770.
- 'n Elektroniese oordrag van R540 is gemaak in die rekening van Otto Meubileerders. Dit is korrek aangeteken in die kontantbetalingsjoernaal maar as R450 oorgeboek na die rekening van Otto Meubileerders in die Krediteuregrootboek.
- 'n Kredietnota van R330 ontvang van AB Verskaffers vir goedere teruggestuur is korrek in die Krediteure afslagjoernaal aangeteken maar is foutiewelik na die verkeerde kant van AB Verskaffers se rekening in die Krediteuregrootboek oorgeboek.

VRAAG 2: BEGROTING
(34 punte; 26 minute)
2.1 Gauteng Hoërskool vir Seuns

Die rugbyspan van Gauteng Hoërskool vir seuns beplan 'n toer (uitstappie) na Port Elizabeth. Die toer is beplan vir die Julie 2024 skoolvakansie.

- 2.1.1 Bereken die totale verwagte koste van die toer vir al die spelers. (vir 'n Drie dag-toer). (27)
- 2.1.2 Bereken die koste van die toer per speler. (3)
- 2.1.3 Hoe kan die verwagte bydraes van elke speler verminder word? Verskaf TWEE metodes wat gebruik kan word om fondse in te samel vir die span, uitgesluit die bronne van fondse wat reeds genoem is in die gegewe inligting. (4)

INLIGTING:

- A.** Daar is 15 spelers, 8 reserwes in die span en 2 afrigters. Dit word in die skoolbeleid genoem dat die koste van die 2 afrigters gedek moet word deur die spelers.
- B.** Die skool was instaat om 'n borgskap van R18 200 by Planet Rugby Sports te verkry.
- C.** 'n Donasie van R7 700 is ontvang van 'n rugbyspeler wat vir die nasionale span speel.
- D.** Die volgende is die koste/uitgawes vir die toer:

Uniform/Toebehore: 'n Kwotasie is ontvang by Cassim Uitrusters vir nuwe uniforms en 'n sweetpak wat R800 per speler beloop. Die afrigters sal ook elkeen 'n sweetpak ontvang wat R250 elk kos.

Akkommodasie: Die span sal in twee van Port Elizabeth se slaapsale slaap vir die duur van die toer, teen 'n koste van R980 per slaapsaal per dag.

Vervoer: Bus se huur is R18 000 plus R3,50 per km. Die retoerafstand na en van Port Elizabeth is 2 164 km.

Etes: Die span sal aandete ontvang teen 'n koste van R46 per persoon en ontbyt teen R18 per persoon. Middagete se onkoste sal deur die spelers gedek word.

Toegangsfooie: Op die derde dag sal die span en afrigters die Kruger Nasionale Park besoek. Die ingangsfooie is R150 per persoon. 'n 20% korting word toegestaan vir groepbesprekings wat 20 mense oorskrei.

34

VRAAG 3: VOORRAAD, PROBLEEMOPLOSSING EN ETIEK (46 punte; 38 minute)

3.1 VOORRAAD

KULA HANDELAARS

Die onderstaande inligting het betrekking op Kula Handelaars vir Januarie 2023.

GEVRA:

Sien die Handelsvoorraadrekening in die Algemene Grootboek en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.1.1 Wat is die kontrarekening vir **A**? (1)
- 3.1.2 Waar word die eindvoorraad van handelsvoorraad in die finansiële state getoon? (2)
- 3.1.3 Watter transaksie het die inskrywing van **B** laat plaasvind? (2)
- 3.1.4 Wat is die kontrarekening wat aangedui word met **C**? (1)
- 3.1.5 Gee 'n rede vir die inskrywing by **D**. (2)
- 3.1.6 Bereken die bedrag uitgelaat by **E**. (2)
- 3.1.7 Wat is die kontrarekening wat aangedui word met **F**? (1)
- 3.1.8 Bereken **G**, goedere is op krediet verkoop vir R27 000. 'n Winsopslag van 25% is bygevoeg. (3)
- 3.1.9 Wat is die folio verwysing vir **H**? (1)
- 3.1.10 Gee DRIE moontlike redes vir item **I**. (6)
- 3.1.11 Bereken die bedrag uitgelaat by **J**. (3)

INLIGTING:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN KULA HANDELAARS

Dt		HANDELSVOORRAAD						Kt	
2023 Jan	1	Saldo	a/b	54 780	2023 Jan	31	(F)	KAJ	5 700
	31	(A)	KBJ	7 008			Koste van verkope	DJ	(G)
		Krediteure-kontrole (B)	KJ	36 192			Koste van verkope	H	22 800
		(C)	DAJ	2 370			(I)	AJ	900
		Kleinkas (D)	KKJ	(E)			Saldo	o/b	(J)
				102 000					102 000
2023 Feb	1	Saldo	a/b	?					

3.2 PROBLEEMOPLOSSING

INLIGTING

Thuli Mabuza besit vier bakkerie in Gauteng. Hulle verkoop 'n verskeidenheid van gebakte produkte aan klante en handelaars. Die onderstaande inligting is 'n uittreksel van twee van haar takke. Sy is bekommerd oor die begrote wins wat reeds vir meer as 6 maande nie bereik word nie.

GEVRA:

Gebruik die inligting verskaf in A en B om die volgende vrae te beantwoord.

- 3.2.1 Bereken die aantal koeke wat deur Diepkloof Square Bakkerie verkoop is. (2)
- 3.2.2 Diepkloof Square Bakkerie het 'n groot aantal koeke wat nie afgehaal is nie. Stel TWEE strategieë voor wat deur die besigheid geïmplementeer kan word om die afhaal van koeke deur klante, te verbeter. (Verwys na inligting A en B.) (4)
- 3.2.3 Stel TWEE metodes voor wat deur die besigheid gebruik kan word om verkope te verbeter. (4)
- 3.2.4 Verwys na inligting A. Identifiseer 'n probleem by Naledi Mall Bakkerie en voorsien TWEE oplossings vir die probleem. Gebruik syfers om die geïdentifiseerde probleem op te los. (6)

INLIGTING:

A.

Inligting oor trou- en verjaarsdagkoeke vir September 2023		
	Diepkloof Square Bakery	Naledi Mall Bakery
Begrote aantal verkope	340	340
Aantal bestellings geplaas deur klante	280	290
Aantal koeke verkoop	?	254
Aantal koeke vermis	0	34
Aantal koeke voorhande/nie afgehaal deur klante nie	8	2
Aantal werknemers	3 bakkers	3 bakkers
	3 winkel- assistente	3 winkel- assistente

- B.**
- 'n Deposito van 10% is betaalbaar voor 'n bestelling verwerk kan word.
 - 'n Minimum prys vir verjaarsdagkoeke is R500 en vir troukoeke is R1 800.

3.3 ETIEK

Egoli Klerewinkel

Egoli Klerewinkel word besit deur Nellie Masinya. Sy verkoop klere, handsakke en skoene. Die winkel is langs die Mall van die Ooste. Goedere word vir kontant en op krediet aan hul lojale klante wat kwalifiseer om op krediet te koop verkoop. Hulle koop hulle goedere in Italië (oorsee). Hulle is ingelig deur hul verskaffers dat 'n nuwe tak geopen gaan word in Witbank (Mpumalanga).

Nellie sal minder betaal vir goedere en vervoerkoste. Sy is nie bereid om die verkoopprijs van haar goedere aan te pas nie. Sy voel dat hierdie 'n geleentheid is om meer wins te maak.

GEVRA:

3.3.1 Watter advies sal jy aan haar bied? Verskaf DRIE punte.

(6)

VRAAG 4: KOSTEREKENINGKUNDE
(28 punte; 22 minute)
4.1 KONSEPTE

Pas die konsepte in KOLOM A by die gepaste item of verduideliking verskaf in KOLOM B. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

INLIGTING:

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1 Direkte materiaalkoste	A Fabrieksbestuurder
4.1.2 Direkte arbeidskoste	B Advertensies
4.1.3 Fabrieksboekoste	C Kantoorhuur
4.1.4 Verkope- en verspreidingskoste	D Hout vir die tafels en stoele
4.1.5 Administratiewe koste	E Masjienoperateurs

(5)
4.2 THELMA VERVAARDIGERS

Thelma Vervaardigers ontwerp handsakke en verkoop dit teen 'n winsopslag van 40% op kosprys. Met die huidige beurtkrag wat implementeer is, het produksiekoste toegeneem, en verkoopsyfers het afgeneem.

GEVRA:

Bereken die volgende koste en toon alle berekeninge.

- 4.2.1 Bereken die direkte materiaalkoste. **(9)**
- 4.2.2 Bereken die direkte arbeidskoste. **(3)**
- 4.2.3 Bereken die totale direkte koste. **(2)**
- 4.2.4 Bereken die fabrieksboekoste. **(2)**
- 4.2.5 Bereken die totale koste van produksie. **(2)**
- 4.2.6 Bereken die produksiekoste per handsak. **(2)**
- 4.2.7 Bereken die verkoopprijs per handsak. **(3)**

INLIGTING:

Die volgende koste is geneem uit die rekords van Thelma Vervaardigers vir die maand van September 2023.

KOSTE EN UITGAWES		
Per handsak		
	Hoeveelheid	Prys per item
Ritssluiters	2	R5 per rits
Materiaal	1,5 meter	R25 per meter
Garing	10 meter	R2 per meter
Krale	4 pakke	R9 per pak
Arbeidskoste		
Arbeid (fabriek)	3 ure	R36 per uur
Fabrieksuitgawes		Bedrag
Huur		R4 000
Elektrisiteit		R700
Versekering		R590
Skoonmaakmiddels		R350

- 100 eenhede is geproduseer en verkoop

28

TOTAAL: 150

EINDE

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERSFORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente): Bedryfslaste		
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates: Totale laste	



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2023

GRAAD 10

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)**

ANTWOORDBOEK

NAAM VAN SKOOL: _____

NAAM VAN LEERDER: _____

VRAAG	TOTALE PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNTE
1	42		
2	34		
3	46		
4	28		
TOTALE	150		

9 bladsye

VRAAG 1: KONSEPTE EN KREDITEUREREKONSILIASIE

1.1 KONSEPTE

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	

3

1.2 KREDITEUREREKONSILIASIE

1.2.1

ALGEMENE GROOTBOEK VAN METH WINKELS									
KREDITEUREREKONSILIASIE									
2023 Aug	31				2023 Aug	1	Saldo	a/b	

17

1.2.2

KREDITEUREREKONSILIASIE VAN METH WINKELS OP 31 AUGUSTUS 2023	
Krediteur	Bedrag
AB Verskaffers	
BB Handelaars	
Otto Meubileerders	
Crox Skryfbehoeftes	

16

1.2.3

Verskaf DRIE interne kontrolemaatreëls wat deur Meth Winkels geïmplementeer behoort te word.

6

TOTAAL

42

VRAAG 2: BEGROTING

- 2.1 2.1.1 Bereken die totale verwagte koste van die toer vir al die spelers.
(vir 'n drie-dag toer).

Ontvangstes		
Totale ontvangstes		
Betalings/Koste		
Item	Berekening	Antwoord
Uniform/Toebehore		
Akkommodasie		
Vervoer		
Etes		
Toegangsfooie		
Totale betalings/koste		
Totale verwagte koste van die toer vir al die spelers		

27

- 2.1.2 Bereken die koste van die toer per speler.

--

3

- 2.1.3 Hoe kan die verwagte bydraes van elke speler verminder word?
Verskaf TWEE metodes wat gebruik kan word om fondse in te samel vir die span, uitgesluit die bronne van fondse wat reeds genoem is in die gegewe inligting.

--

4

TOTAAL
34

VRAAG 3: VOORRAAD, PROBLEEMOPLOSSING EN ETIEK

3.1 VOORRAAD

3.1.1 Wat is die kontrarekening vir A?

--

1

3.1.2 Waar word die eindvoorraad van handelsvoorraad in die finansiële state getoon?

--

2

3.1.3 Watter transaksie het die inskrywing van B laat plaasvind?

--

2

3.1.4 Wat is die kontrarekening wat aangedui word met C?

--

1

3.1.5 Gee 'n rede vir die inskrywing by D.

--

2

3.1.6 Bereken die bedrag uitgelaat by E.

--

2

3.1.7 Wat is die kontrarekening wat aangedui word met F?

--

1

3.1.8 Bereken G, goedere is op krediet verkoop vir R27 000. 'n Winsopslag van 25% is bygevoeg.

--

3

3.1.9 Wat is die folio verwysing vir H?

--

1

3.1.10 Gee DRIE moontlike redes vir item I.

--

6

3.1.11 Bereken die bedrag uitgelaat by J.

--

3

3.2 PROBLEEMOPLOSSING

3.2.1 Bereken die aantal koeke wat deur Diepkloof Square Bakkery verkoop is.

--

2

3.2.2

Diepkloof Square Bakkery het 'n groot aantal koeke wat nie afgehaal is nie. Stel TWEE strategieë voor wat deur die besigheid geïmplementeer kan word om die afhaal van koeke deur klante, te verbeter. (Verwys na inligting A en B.)

--

4

3.2.3

Stel TWEE metodes voor wat deur die besigheid gebruik kan word om verkope te verbeter.

--

4

3.2.4

Verwys na inligting A. Identifiseer 'n probleem by Naledi Mall Bakkery en voorsien TWEE oplossings vir die probleem. Gebruik syfers om die probleem wat geïdentifiseer is, te ondersteun.

Probleem en syfers	Oplossings

6

3.3 ETIEK

3.3.1

Watter advies sal jy aan haar bied? Verskaf DRIE punte.

--

6

TOTAAL
46

VRAAG 4: KOSTEBEREKENINGE

4.1 KONSEPTE

4.1.1	
4.1.2	
4.1.3	
4.1.4	
4.1.5	

5

4.2 Bereken die volgende koste en toon alle berekeninge.

4.2.1 Bereken die direkte materiaalkoste.

	Hoeveelheid	Prys per item	Berekening	Antwoord
Ritssluiters	2			
Materiaal		R25		
Garing				
Krale				

9

4.2.2 Bereken die direkte arbeidskoste.

--

3

4.2.3 Bereken die totale direkte koste.

--

2



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2023

GRAAD 10

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE (VRAESTEL 2)

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings word toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van van die kandidate se antwoorde te differensieer.
7. Waar stafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Nota: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ volgens die kandidaat se berekeninge (indien geldig) of volgens memo.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking moet die nasiener die redelikheid van die antwoord kontroleer en ten minste een deel moet korrek wees alvorens 'n punt toegeken word.
10. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie.
11. Wees bedag daarop dat kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum kan verskaf.
12. Kodes: F = vreemde item; P = plasing/aanbieding.

8 bladsye

VRAAG 1: KONSEPTE EN KREDITEUREREKONSILIASIES

1.1 KONSEPTE

1.1.1	Waar ✓
1.1.2	Onwaar ✓
1.1.3	Onwaar ✓

3

1.2 KREDITEUREREKONSILIASIE

1.2.1

ALGEMENE GROOTBOEK VAN METH WINKELS									
KREDITEUREKONTROLE REKENING									
2023 Aug	31	Bank en korting ontvang ✓	KBJ	✓25 550	2023 Aug	1	Saldo	a/b	✓33 500
		Totale terug-sendinge ✓	KAJ	☑ 2 970		31	Totale aankope ✓	AJ	☑ 26 400
		(2 200 ✓ + 770 ✓)					(26 100 ✓ + 300 ✓)		
		*Diverse debiete ✓		✓950			*Diverse krediete ✓		✓800
		Saldo	o/b	☑ 31 230					
				60 700					60 700
					2023 Sept	1	Saldo	a/b	☑ 31 230

*Aanvaar joernaaldebite/krediete

17

1.2.2

KREDITEURELYS VAN METH WINKELS OP 31 AUGUSTUS 2023	
Krediteur	Bedrag
AB Verskaffers (14 350 ✓ + 1 200 ✓ – 330 ✓ – 330 ✓)	☑14 890
BB Handelaars (7 400 ✓ – 1 200 ✓ – 770 ✓)	☑ 5 430
Otto Meubileerders (9 300 ✓ – 90 ✓✓)	☑ 9 210
Crox Skryfbehoeftes (2 300 – 600)	✓ ✓1 700
	☑ 31 230

☑ Een deel korrek

16

1.2.3

Verskaf DRIE interne kontrole maatreëls wat geïmplementeer behoort te word deur Meth Winkels.

**Enige drie aanvaarbare antwoorde ✓✓ ✓✓ ✓✓
een punt vir gedeeltelik korrekte antwoorde**

- Alle aankope van goedere moet gemagtig word deur senior personeel
- Goeder ontvang moet gekontroleer word teen die aankoopbestelling en afleveringsnota.
- Plasing van bestellings, ontvangs van goedere vanaf verskaffers en betaling aan verskaffers behoort nie deur een persoon hanteer te word nie. (Ken een punt toe vir verdeling van punte)
- Volledige voorraadrekords behoort instand gehou te word vir enige beweging van voorraad.
- Toegang tot voorraad behoort beperk te word en toesig oor gehou te word.
- Gereelde fisiese voorraadopnames moet gedoen word.

6

TOTAAL

42

VRAAG 2: BEGROTING

2.1 2.1.1 Bereken die totale verwagte koste van die toer vir al die spelers.
(vir 'n drie dag toer).

Ontvangstes		
Borgskap		✓ 18 200
Donasies		✓ 7 700
Totale ontvangstes		✓ 25 900
Betelings/Koste		
Item	Berekening	Antwoord
Uniform/Stel	$(23 \times 800)✓ + (2 \times 250)✓$	✓ 18 900
Akkomodasie	$980✓ \times 2✓ \times 3✓$	✓ 5 880
Vervoer	$18\,000✓ + (3,50✓ \times 2\,164✓)$	✓ 25 574
Etes	$(46✓ + 18✓) \times 25✓ \times 3✓$	✓ 4 800
Toegangsfooi	$150✓ \times 25✓ \times 80/100✓$ OF 120×25 2 punte 1 punt	✓ 3 000
Totale betalings/koste		✓ 58 154
Totale verwagte koste van die toer vir al die spelers 58 154 – 25 900 (sien betalings en ontvangstes)		32 254 ✓✓

27

2.1.2 Bereken die koste van die toer per speler.

$32\,254✓ \div 23✓ = 1\,402,35✓$ een deel korrek
--

3

2.1.3 Hoe kan die verwagte bydraes van elke speler verminder word?
Verskaf TWEE metodes wat gebruik kan word om fondse in te samel vir die span, uitgesluit die bronne van fondse wat reeds genoem is in die gegewe inligting.

Enige twee geldige punte ✓✓ ✓✓

- Versoek 'n donasie van die skool se beheerliggaam
- Verkoop verversings op die skoolgrond.
- Verkoop lootjiekaartjies

4

TOTAAL
34

VRAAG 3: VOORRAAD, PROBLEEMOPLOSSING EN ETIEK

3.1 VOORRAAD

3.1.1	Wat is die kontrarekening vir A?	
	Bank ✓	1
3.1.2	Waar word die eindvoorraad van handelsvoorraad in die finansiële state getoon?	
	In die staat van finansiële posisie of balansstaat ✓ onder bedryfsbates ✓	2
3.1.3	Watter transaksie het die inskrywing van B laat plaasvind?	
	Goedere gekoop op krediet (op rekening). ✓✓	2
3.1.4	Wat is die kontrarekening wat aangedui word met C?	
	Koste van verkope ✓	1
3.1.5	Gee 'n rede vir die inskrywing by D.	
	Betaal uit die kleinkas vir die aflewering van goedere. ✓✓	2
3.1.6	Bereken die bedrag uitgelaat by E.	
	$102\ 000 - 54\ 780 - 7\ 008 - 36\ 192 - 2\ 370 = 1\ 650$ ✓✓	2
3.1.7	Wat is die kontrarekening wat aangedui word met F?	
	Krediteurekontrole ✓	1
3.1.8	Bereken G. Goedere is op krediet verkoop vir R27 000. 'n Winsopslag van 25% is bygevoeg.	
	$27\ 000 \checkmark \times 100/125 \checkmark = 21\ 600$ ☒ een deel korrek	3
3.1.9	Wat is die folio verwysing vir H?	
	KOJ ✓	1
3.1.10	Gee DRIE moontlike redes vir item I.	
	Enige DRIE (Enige aanvaarbare antwoord) ✓✓✓✓✓✓	
	- Die eienaar neem goedere vir eie gebruik of <u>onttrekkings</u>. - Goedere was <u>geskenk</u>. - Regstelling van foute.	6
3.1.11	Bereken die bedrag uitgelaat by J.	
	$102\ 000 - 5\ 700 - 21\ 600 - 22\ 800 - 900 = 51\ 000$ ✓✓ ☒	
	Sien 3.1.8 TWEE dele korrek	3

3.2 PROBLEEMOPLOSSING

3.2.1	Bereken die aantal koeke wat deur Diepkloof Square Bakery verkoop is.	2
	280 - 8 = 272 ✓ ☒ Een deel korrek	

3.2.2	Diepkloof Square bakkery het 'n groot aantal koeke wat nie afgehaal is nie. Stel TWEE strategieë voor wat deur die besigheid geïmplementeer kan word om die afhaal van koeke deur klante, te verbeter. (Verwys na inligting A en B.)	4
	Enige twee geldige strategieë ✓✓ ✓✓ • <u>Styging in die deposito</u> (aanvaar enige aanvaarbare % bo 10%.) OF • 'n Deposito moet gehef word wat genoegsaam is om die bak koste te dek. • Bel klante en herinner hulle om hul bestellings te kom afhaal.	

3.2.3	Stel TWEE metodes voor wat deur die besigheid gebruik kan word om verkope te verbeter.	4
	Enige twee geldige antwoorde ✓✓ ✓✓ • Gebruik pamflette of katalogusse om koeke te adverteer. • Gebruik sosiale media soos Whatsapp, Facebook ens. om goedere te adverteer • Skep 'n webwerf om goedere te adverteer.	

3.2.4	Verwys na inligting A. Identifiseer 'n probleem by Naledi Mall bakkery en voorsien TWEE oplossings vir die probleem. Gebruik syfers om die probleem wat identifiseer is te ondersteun.		6				
	Probleem ✓ en syfer(s) ✓ enige twee geldige oplossings ✓✓ ✓✓						
	<table border="1" style="width: 100%;"> <thead> <tr> <th style="width: 50%;">Probleem en syfers</th> <th style="width: 50%;">Oplossing</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Diefstal/34 koeke is vermis</td> <td>Koeke wat nie afgehaal word nie moet in 'n glaskas gehou word wat kan sluit.</td> </tr> <tr> <td></td> <td>Doen gereelde fisiese opname van koeke.</td> </tr> </tbody> </table>			Probleem en syfers	Oplossing	Diefstal/34 koeke is vermis	Koeke wat nie afgehaal word nie moet in 'n glaskas gehou word wat kan sluit.
Probleem en syfers	Oplossing						
Diefstal/34 koeke is vermis	Koeke wat nie afgehaal word nie moet in 'n glaskas gehou word wat kan sluit.						
	Doen gereelde fisiese opname van koeke.						

3.3 ETIEK

3.3.1

Watter advies sal jy aan haar bied? Verskaf DRIE punte.

Enige drie geldige punte ✓✓ ✓✓ ✓✓

- Dit is onetiese gedrag.
- Die besigheid sal klante verloor en sy goeie reputasie.
- Dit sal 'n negatiewe beeld van die besigheid skep as dit bekend word aan klante.

6

TOTAAL

46

VRAAG 4: KOSTEBEREKENING

4.1 KONSEPTE

4.1.1	D	✓
4.1.2	E	✓
4.1.3	A	✓
4.1.4	B	✓
4.1.5	C	✓

5

4.2 Bereken die volgende koste en toon alle berekeninge.

4.2.1 Bereken die direkte materiaalkoste.

	Hoeveelheid	Prys per item	Berekening	Antwoord
Ritssluiters	2	R5	R10 x 100	R1 000✓✓
Materiaal	1,5	R25	R37,50 x 100	R3 750✓✓
Garing	10	R2	R20 x 100	R2 000✓✓
Krale	4	R9 per pak	R36 x 100	R3 600✓✓
		Een deel korrek		R10 350 ✓

9

4.2.2	Bereken die direkte arbeidskoste. $(3 \times R36) \checkmark \times 100 \checkmark = R10\ 800 \checkmark$ een deel korrek	3
4.2.3	Bereken die totale direkte koste. $10\ 350 + 10\ 800 = R21\ 150 \checkmark \checkmark \#$ Sien 4.2.1 en 4.2.2	2
4.2.4	Bereken die fabrieksbokoste. $700 + 4\ 000 + 590 + 350 = 5\ 640 \checkmark \checkmark$ een deel korrek	2
4.2.5	Bereken die totale koste van produksie. $21\ 150 + 5\ 640 = R26\ 790 \checkmark \checkmark \#$ sien 4.2.3 en 4.2.4	2
4.2.6	Bereken die produksiekoste per handsak. $26\ 790 \checkmark / 100 = R267,90 \text{ OF } R268 \checkmark$ een deel korrek sien 4.2.5	2
4.2.7	Bereken die verkoopprijs per handsak. $267.9 \checkmark \times 140/100 \checkmark = R375,06 \text{ OF } R375.20 \checkmark$ een deel korrek	3

☒ ☒# Een metodepunt vir een korrekte oordrag van bedrag.
Twee metode punte vir twee korrekte oordrag van bedrae en optel van bedrae

TOTAAL
28

TOTAAL: 150